PERSVERKLARING

SENWES VIER 100 JAAR SAAM MET KLANTE EN PERSONEEL

Senwes het op Vrydag, 15 Mei, 100 jaar oud geword. Om hierdie geleentheid te vier is ‘n verjaarsdagpartytjie by die hoofkantoor in Klerksdorp gehou. ‘n Tydkapsule, wat oor 50 jaar heropen sal word, is ook verseël. Op dieselfde dag is altesaam 100 John Deere *ride-ons* as deel van die vieringe aan klante gegee tydens ‘n gelukkige trekking by die NAMPO Oesdag.

Die John Deere *ride-on* trekking is deur Elma Postma, ‘n bekende aktrise en televisie-aanbieder, en die sportpersoonlikheid, Toks van der Linde, aangebied. Die eerste trekking is om 10:00 die oggend gehou, met 100 finaliste wat ‘n kans gestaan het om ‘n *ride-on* te wen. Om 14:00 die middag is die tweede trekking gehou, met ‘n verdere 100 finaliste teenwoordig. Die finaliste wat nie so gelukkig was om ‘n *ride-on* te wen nie, het ‘n Cipla Agricare geskenk ontvang.

Die 100-jaar-vieringe sluit ook ‘n gedenkboek in – wat in Augustus vanjaar verskyn – asook ‘n Huisgenoot Skouspel vertoning op 9 Oktober wat vir klante, verskaffers en personeel van Senwes gereserveer word. Vir meer inligting, besoek *www.senwes.co.za*.

Tydens die verjaarsdagpartytjie vroeër die dag, het Steven Alberts (Direkteur: Finansies) Senwes se 100 bestaansjare in perspektief gestel deur daarop te wys dat ongeveer 260 miljoen werksure afgehandel is, sedert die stigting van die maatskappy in 1909.

Johan Dique (Besturende Direkteur) het by dié geleentheid Senwes se eeuwording as ‘n hoogtepunt in sy loopbaan bestempel. “Senwes se beloning is groot aan diegene wat gee,” het Dique gesê. Hy het ook erkenning gegee aan klante, verskaffers en personeel – elk sonder wie Senwes se visie om die mees geadmireerde agri-besigheid in Suid-Afrika te wees, nie realiseerbaar sou gewees het nie.

Senwes het nie net vir hul hoofkantoor-personeel voorsiening gemaak nie – elke winkel en silo het ‘n afgevaardigde na die partytjie gestuur. Hier het hulle geskenkpakke ontvang, wat terug na hul bedryfspunt geneem is, sodat elke Senwester in die partytjiegees kon deel.

Die soete smaak van sukses. Van links: Steven Alberts (Direkteur: Finansies), Pieter Esterhuysen (Hoofbestuurder: Senwes Grainlink), Gerrit van Zyl (Hoofbestuurder: Senwes Credit), Johan Dique (Besturende Direkteur), Danie Minnaar (Ondervoorsitter: Senwes Direksie), Joe Maswanganyi (Hoofbestuurder: Korporatiewe Dienste) en Frans du Plessis (Hoofbestuurder: Senwes Village) geniet 'n happie Senwes verjaarsdagkoek.

Hannes van der Merwe (links) was die eerste finalis wat 'n John Deere ride-on in die Senwes gelukkige trekking gewen het. By hom is Toks van der Linde (regs), Elma Postma en Francois Strydom (Direkteur: Bedryf).

- EINDE -